# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (13/09)

*Justin Chadwick (3 April 2009)* Citrus Growers Association (CGA)

***GESEGDE VAN DIE DAG: "America has not led but fled on the issue of global warming" John Kerry***

**VIER DIE SUKSES: JOHAN BOTHA EN SY MANNE IN PAJAMAS HET DIE AUSSIES TWEE AFRANSELINGS IN DIE T20 KRIEKET GEGEE. KOM ONS HOOP DIE OOR 50 SPAN SAL OOK.**

## KLIMAATSVERANDERING

CGA en CRI het hul by die ander vrugsektore (SPT, SATI, SubTrops en FPEF) en die wynbedryf aangesluit in 'n studie getiteld "Confronting Climate Change". Befondsing is van bogenoemde bedryfsliggame asook die Na-Oes Innoveringsfonds (PHI), Nasionale Landboubemarkingsraad en die ComMark Trust afkomstig.

Die eerste deel van die studie behels kommunikasie met alle rolspelers oor klimaatsverandering. 'n Inligtingsdokument is reeds ontwikkel. 'n Opsomming van die dokument is per epos aan alle produsente uitgestuur, terwyl die volledige dokument (slegs 18 bladsye) op www.cga.co.za geplaas is. Ek sal die dokument as goeie leesstof, om die debat oor klimaatsverandering beter te verstaan, aanbeveel.

Die verandering in landgebruik het die mees betekenisvolle impak op die vrystelling van kweekhuis-gasse - agteruitgang en ontbossing. Die omvang hiervan stel alle ander vrystellings in die skadu - en is gelykstaande aan die totale vrystellings van alle globale vervoer. Die tweede hoogste is die vrystelling van stikstofoksied deur wanbestuur en oormatige bemesting van gronde. Daar is ook vrystellings van metaangasse deur lewendehawe boerdery, biomassa verbranding, rysproduksie, kunsmisvervaardiging, besproeiing en plaasmasjinerie.

Die tweede gedeelte van die studie sal poog om 'n standaard koolstofvoetspoor protokol en hulpmiddel vir die bedryf te ontwikkel. Individuele produsente sal in staat wees om hul eie koolstofvoetspoor berekenings op 'n web-gebaseerde program te kan doen.

Die finale fase van die studie sal wees om 'n respons op klimaatsverandering en 'n strategiese raamwerk vir die bedryf te ontwikkel. Dit sal die bedryf in staat stel om op bedreigings en geleenthede te reageer.

## PAKMATERIAAL 2009

Ek het van produsente/pakkers verneem wat sub-standaard pakmateriaal vanuit die middelpunt van die land (Cheetahs se streek) aankoop. Nou net so swak as wat die Cheetahs se rugbyspan speel, so sê mense is hul pakmateriaal. En produsente staar ook nog 'n probleem in die gesig - PPECB sal vrugte wat in sulke sub-standaard kartonne verpak is, afkeur. Die toepaslike gedeelte in die Wet op Landbou Produkstandaarde lees as volg:

" *Containers, excluding bulk containers, in which citrus fruits are packed shall --*
*(i) be suitable, clean, dry and undamaged;(ii) not impart a foreign taste or odour or any substance which may be injurious to human health;; (iii) be free from any visible signs of fungus growth;(iv) be free from Arthropoda infestation; and* ***(v) be strong and rigid enough to ensure that the original shape be retained and not bulge out, dent in, break or tear, to the extent that citrus fruit are damaged or are at risk of being damaged, during normal storage, handling or transport.***

Die beste is om vir jouself 'n kopie van die pakriglyne (afdeling vir lede - www.cga.co.za) in die hande te kry, dit gee al die spesifikasies vir REGTE kartonne en ander pakmateriaal. Die probleem eindig nie by kartonne nie – klaarblyklik is daar 'n klomp hout wat na die myne sou gegaan het, wat nou as sub-standaard palette opeindig. Hierdie is nie 'n goeie jaar om met nuwe verskaffers te eksperimenteer nie.

## STERIELE INSEK TEGNIEK

Na 'n paar vestigingsprobleme in 2007/8 het die FCM steriele insekmaatskappy XSIT spoed begin optel in 2008/9. 'n Onlangse verslag toon die lokvalvangste van 2007/8 in vergelyking met die van 2008/9. Boorde in die area waar steriele motte vrygelaat word het minimale wilde FCM vangste, terwyl areas waar die steriele motte nie vrygelaat is nie, steeds hoër vangste het. Die vlakke is betekenisvol laer as wat in dieselfde boorde 'n jaar gelede aangeteken is. Dit blyk dat die tegnologie werk; proefwerk gaan voort in Letsitele. Die uiteindelike doelwit is om die SIT program na al die sitrusproduserende streke uit te brei.

## SITRUS GEPAK - 2009

Steeds is dit net suurlemoene en satsumas; rofweg ½ miljoen kartonne suurlemoene en 300 000 kartonne sats tot op datum gepak. Hiervan is 140 000 kartonne suurlemoene verskeep (meestal na Midde-Ooste) en 90 000 kartonne satsumas (meestal na VK). Met Paasfees aan die einde van volgende week, sal 'n paar pakhuise in week 14 begin; maar die meeste sal in week 15 begin (met die meeste van die pomelo's wat begin). April gaan 'n redelike ontwrigtende maand wees met 'n openbare vakansiedag in elke week.

## FPT DURBAN WERKSURE PAASNAWEEK

FPT Durban het aangekondig dat die terminaal op Saterdag 11 April 2009 vanaf 07:00 tot 17:00 sal oop wees, maar op die 10de, 12de en 13de April gesluit sal wees. Enige iemand wat nodig het om die terminaal in hierdie verband te kontak, kan dit doen by 0836756472.

## PPECB VOOR-SEISOEN VERGADERINGS

PPECB is halfpad met hul voor-seisoen vergaderings waar die hoofonderwerp die amptelike sitrusprotokol is. Vergaderings moet nog in Durban (Jewish Club 10:30 op Maandag 20 April), Nkwalini (Farmers Hall, 21 April) en Paarl/Kaapstad (29 April) gehou word.

**JOU HEFFING WERK VIR JOU – PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM DIE AKTIWITEITE VAN DIE CGA, CRI EN SITRUS AKADEMIE TE BEFONDS**